

An Exposition of the Seven Church Ages

Chapter Ten

'n Opsomming van die Kerkydperke

As gevolg van die feit dat ons studies 'n vers vir vers uiteensetting is van daardie Skrifte wat deel met die sewe eeue, het ons nie 'n deurlopende historiese patroon van die kerk uiteengesit soos wat ons behoort te doen het nie. Dit is daarom nou ons doel om hierdie hoofstuk te vat, en beginnende met die Efésiese Eeu, te gaan deur al die eeue van die kerk en haar geskiedenis soos gegee is aan Johannes deur die Gees van God. Ons sal nie soseer nuwe materiaal byvoeg nie, maar net koördineer wat ons alreeds het.

Uit ons studies het ons alreeds agtergekom dat soveel van die Openbaring is totaal misverstaan omdat ons nie voorheen geweet het dat die 'kerk' waarvan gepraat word en mee gepraat word in hierdie boek, verwys nie na die suiwer 'ekklisia' die 'uitverkore', die 'liggaam van Christus', die 'bruid' nie, maar dit praat met die hele liggaam van mense wat Christene genoem word, of hulle ware of bloot nominaal is. Soos die hele Israel NIE Israel is NIE, so is alle Christene NIE Christene NIE. So het ons geleer dat die kerk bestaan uit twee wingerdstokke, die ware en die vals. Die twee wingerdstokke is gemotiveer deur twee soorte geeste; een het die Heilige Gees terwyl die ander toegerus is met die gees van antichris. Beide maak aanspraak daarop om te weet en is bekend aan God. Beide beweer om te praat vir God. Beide glo sekere baie basiese waarhede en verskil van ander. Maar omdat beide die naam van die Here dra, genaamd Christ-ene, en deur so 'n naam te dra is dit voor die hand liggend om 'n verhouding te hê met Hom (God noem dit huwelik), God hou hulle albei verantwoordelik teenoor Hom en praat daarom met elkeen.

Ons het verder geleer dat hierdie twee wingerdstokke sy aan sy groei tot die end van die eeue wanneer beide volwassenheid bereik en beide geoes word. Die valse wingerdstok sou nie oorwin en die ware wynstok vernietig nie, maar dan, nóg sou die ware wynstok in staat wees om die valse wingerdstok in te bring in 'n reddende verhouding met Jesus Christus.

Ons het die verbasendste waarheid geleer dat die Heilige Gees kon en sou val op die onwedergebore vals wingerdstok Christene en kragtig manifesteer en verskeie tekens en wonders doen, selfs soos Judas 'n definitiewe bediening in die Heilige Gees gehad het hoewel hy, homself, verklaar was om 'n duiwel te wees.

Met hierdie beginsels in gedagte begin ons om die kerk te volg deur die verskillende sewe eeue.

Die geboorte van die kerk was by Pinkster. Soos die eerste Adam 'n bruid gegee is uit die hand van God en onbesmet was vir 'n kort tyd, so was Christus, die laaste Adam, 'n bruid gegee rein en vars met Pinkster; en sy het afgesonder gebly en onbesmet vir 'n sekere tyd.

"En daar was niemand van die ander wat dit gewaag het om hom by hulle te voeg nie"

(Handelinge 5:13) en

"Die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is."

Handelinge 2:47.

Hoe lank dit aangehou het weet ons nie, maar eendag net soos Eva versoek en verlei is deur Satan, so was die kerk besoedel met die intrede van 'n antichris gees.

En dit is die gees van die antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom en hy is nou al in die wêreld."

I Johannes 4:3.

En Jesus het gesê aangaande Sy bruid in daardie eerste eeu,

"Ek het iets teen jou, want jy het jou eerste liefde verlaat. Onthou daarom van waar jy ook al geval het, en bekeer."

Openbaring 2:4-5.

Die kerk was in daardie eerste eeu alreeds 'n 'gevalle vrou.' Soos Satan by Eva gekom het voor Adam, selfs nou het Satan die kerk verlei, die bruid van Christus, voor die 'bruilofsmaal van die Lam.' En wat spesifiek was in haar midde wat die val veroorsaak het? Wat anders as Openbaring 2:6: "DIE DADE VAN DIE NIKOLAÏETE." Alreeds het daardie eerste eeu weggedraai van die navolging van die suiwer

Woord van God. Hulle het gedraai van God se vereiste van 'n kerk absoluut ondergeskik aan Hom (absoluut staatmaak op God om Sy Woord van begin tot einde te vervul afsonderlik van menslike bestuur) na Nikolaïtanisme, wat is om 'n menslike regering in die kerk te organiseer wat, soos alle regerings doen, wette maak vir die mense. Hulle het presies gedoen wat Israel gedoen het. Hulle het die opportuniste van menslike regering geneem in plaas van die Woord en die Gees.

Dood het ingetree. Hoe weet ons? Hoor ons nie die stem van die Gees wat opgewek is in daardie eerste eeu vir almal wat sal hoor nie, soos Hy roep. "Aan hom wat oorwin sal Ek gee om te eet van die Boom van die Lewe in die paradys van God." Die kerk het alreeds te diep gedrink van die boom van die dood (of die denominasionele valse wingerdstok) wie se uiteinde die meer van vuur is. Maar daar is geen gerubs met vlammende swaarde om die Boom van die Lewe nou te bewaak nie. God verlaat nie nou die midde van die kerk soos Hy in Eden gedoen het nie. O, nee, Hy sal altyd in die midde van Sy kerk wees tot die finale eeu. En tot daardie tyd roep Hy tot almal.

Nou asseblief laat ons versigtig wees hier. Hierdie boodskap aan die engel van die kerk wat by Efése is, is nie 'n boodskap aan die werklike plaaslike Efésiese kerk nie. Dit is 'n boodskap aan die EEU. Daardie eeu het daarin gehad die saad van waarheid en die saad van dwaling en presies uiteengesit volgens die gelykenis van die koring en die onkruid. Die kerke is die veld, en daarin is koring en onkruid. Die vals kerk het georganiseer, die regering en die Woord vermenslik, en die ware Christen beveg.

Onkruid groei altyd beter as koring of enige ander gekweekte plant. Die onkruidkerk het vinnig gegroei in hierdie eerste eeu. Maar die koringkerk het ook gefloreer. Teen die einde van die eerste eeu het die dade van die Nikolaïete gefloreer in die plaaslike vals wynstok kerke met toenemende pogings om hulle invloed verder te versprei as hulle eie liggaam. Sy invloed was gevoel op die ware kerk, want mense soos die vereerde Policarpus het hulleself biskoppe genoem met 'n verwysing na daardie titel wat nie inherent was volgens die Woord nie. Ook in daardie eeu, die ware kerk het sy eerste liefde verloor. Daardie liefde was getipieer as die liefde van bruid en bruidegom met hulle troue en vroeë jare van getroude lewe. Daar was 'n afkoeling van daardie volkome liefde en verlating van God.

Maar let op. Openbaring 2:1 beskryf die Here Jesus as in die midde van Sy kerk en hou die boodskappers in Sy regterhand. Omdat hierdie bruid geval het, omdat die kerklike onderneming nou 'n mengsel is van waar en vals, verlaat Hy dit nie. Dit is Syne.

En volgens Romeine 14:7-9 is dit presies reg.

"Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie.

Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

Want hiervoor het Christus ook gesterwe en opgestaan en weer lewend geword, om oor dode sowel as lewende te heers."

Op die kruis het Hy die HELE wêreld van mense gekoop. Hulle is Syne. Hy is die Here van die lewende en dooie. (Met betrekking tot eienaarskap, NIE verhouding NIE.) En Hy wandel in die midde van daardie liggaam wat in hom lewe en dood het.

Wat geplant was in die eerste eeu, sal in die tweede eeu ontwikkel en in al die ander eeue totdat dit tot volwassenheid en oestyd kom. Dus in die Smirna Eeu verwag ons 'n vergrote en verligte geskiedenis van die kerk korporatief deur 'n openbaring van die Gees.

In hierdie eeu vermeerder die haat van die vals wingerdstok. Kyk, hulle het (Vers 9) hulself afgesonder van die geselskap van die ware. Hulle het van hulle af weggegaan. Hulle was leuenaars. Hulle het hulleself genoem wat hulle nie was nie. Maar het God hulle vernietig? Nee. "Laat hulle alleen en beide sal geoes word."

"Maar Here, hulle moet vernietig word, want hulle vernietig U mense. Hulle maak hulle dood."

"Nee, laat hulle alleen. Maar aan My bruid sê ek: 'Wees julle getrou tot die dood toe. Wees nog liewer vir My.'"

Ons leer in geen onsekere terme nie dat hierdie vals wingerdstok is die wynstok van Satan. Hulle byeenkomste is van hom (Satan). Hulle ontmoet in die Naam van God en lieg dat hulle Christus s'n is. Hulle preek, hulle leer, hulle doop, hulle aanbid, hulle neem deel aan verskillende regte gegee deur Christus aan die kerk, tog is hulle nie van God nie. Maar omdat hulle sê hulle is, sal God hulle verantwoordelik hou en in elke eeu praat Hy van hulle en met hulle. Hulle herinner ons presies aan Bileam. Hy het die profetiese amp gehad. Hy het die regte benadering tot God geken soos gedemonstreer in die offerhande van die gereinigde diere. Tog hy was nie 'n ware WOORD PROFEET nie, want toe God hom gesê het om nie te gaan en eer aan Balak te gee met sy teenwoordigheid nie, het hy

gesoek om in elk geval te gaan, want hy was gemotiveer deur sy wellus na goud en aansien. So God het hom laat gaan. Die volmaakte wil van God het plek gemaak vir die permissiewe wil van God as gevolg van Bileam se "hartsbegeerte". God het eintlik gesê, "Gaan voort." Het God Sy gedagte verander? Nee meneer. God het Sy weg gehad ongeag van Bileam. Bileam het nie die wil van God nietig verklaar nie. God het Sy weg gehad ongeag. Dit was Bileam wat die verloorder was, want hy het die Woord omseil.

En vandag het ons daardie einste selfde ding. Vrouepredikers, organisasie, vals doktrine, ens., en mense aanbid God, manifesteer in die Gees en gaan voort soos wat Bileam gedoen het, maak aanspraak dat God met hulle gepraat het al is die opdrag wat hulle ontvang het die teenoorgestelde van die geopenbaarde Woord. En ek sal nie ontken dat God met hulle gepraat het nie. Maar dit was net soos toe Hy met Bileam gepraat het daardie tweede keer. Soos Hy geweet het dat Bileam sy eie hartsbegeerte wou hê bo die Woord en Hy dit vir hom gegee het, tog die heelyd aan die einde SY EIE weg sou hê; selfs vandag vertel God vir mense om voort te gaan in hulle eie hart se begeertes, want hulle het alreeds die Woord verwerp. MAAR DIE WIL VAN GOD SAL GESKIED ONGEAG. Amen. Ek hoop julle sien dit. Dit sal nie net baie opklaar wat gesien word in alle eeue nie, maar dit sal veral help in hierdie laaste eeu wat soveel manifestasie het en eksterne seëning terwyl die hele periode so teen die 'Woord-Geopenbaarde Wil' van God is.

As daar ooit 'n eeu 'n boodskap ontvang het luid en duidelik, hierdie eeu het. Dit was, en is, daardie Ou Testament waarheid, "Die seun van die slavin sal die seun van die vry vrou in angs hou totdat die seun van die slavin uitgedryf is." Dit laat ons weet dat die haat en godslastering van Satan teen die ware Christen sal uiting gee deur 'n groep wat nominaal is, vals Christene, en dit sal toeneem totdat God daardie vals wingerdstok ontwortel aan die einde van die Laodicensiese Eeu.

Die derde eeu het geopenbaar deur die Gees van profesie dat die wêreldse kerk Nikolaïtanisme sal aanvaar as 'n leerstelling. Die skeiding van die kerklikes van die gewone het gegroei van die Bybelse waarheid van die ouderlinge (skaapwagters van plaaslike kudde) wat die kudde beheer het deur die Woord, tot die 'dade van Nikolaïete' waarin die geestelikes hulself geplaas het in range bo die ander, waarvan die onskriftelike formule dan oorgegaan het in priesterskap wat die geestelikes geplaas het tussen mens en God, wat die geestelikes sekere regte gee terwyl dit die leke ontnem het van hulle Godgegewe regte. Hierdie was oornam. In hierdie eeu het dit 'n leerstelling geword. Dit was gevestig in die kerk as die versekerde woord van God, wat dit inderdaad nie was nie. Maar die geestelikes het dit die Woord van God genoem en daarom was die doktrine antichris.

Omdat menslike regering politiek suiwer en eenvoudig is, het die kerk betrokke geraak in politiek. Hierdie betrokkenheid was verwelkom deur 'n diktator-keiser wat by die kerkpolitiek aangesluit het en deur geweld die vals kerk opgerig het (Satan se vals godsdiens) as die ware godsdiens. En deur verskeie edikte deur verskeie keisers vind ons die vals kerk met staatsmag wat die ware wynstok selfs yweriger vernietig.

Jammer om te sê die ware wynstok was nie presies immuun teen hierdie doktrine nie. Daardeur bedoel ek nie dat die ware wingerdstok ooit die Nikolaïetiese idees ingestel het tot doktrine nie. Ver daarvandaan. Maar daardie wurmpie van dood het aanhou kou aan die ware wynstok met die hoop dat dit mag val. Selfs binne die ware kerk het manne wat God geroep het as opsieners aan daardie titel vasgehou om 'n bietjie meer te beteken as net 'n gewone verantwoordelikheid. Dit was nie die duidelike begrip van Paulus wat bestaan het in die kerk op hierdie tydstip nie. Want Paulus het gesê, "En hulle het God verheerlik in my." Maak nie saak watter gesag Paulus gehad het nie, hy het die mense laat kyk na God van Wie alle outoriteit is. Maar die geestelikes was altyd op die uitkyk na Goddelike Leierskap PLUS MENS, en deur sodoende eer te gee waar eer nie verskuldig was nie, vind ons dat die ware kerk gevlek was met menslikheid. Met Nikolaïtanisme—apostoliese opvolging—geplaasde predikers—pastore ingestem, ens., was dit net een stap vir die vals kerk om te gaan na Bileamisme. Die tweede stap na die 'dieptes van Satan' was nou in volle gang.

Hierdie tweede stap was die doktrine van Bileam, (beskryf in Openbaring 2:14) waarin Bileam Balak geleer het om die kinders van Israel te laat struikel deur 'n 'verenigde byeenkoms'. Daar sou die gaste nog twee dinge doen teenstrydig met die Woord van God. Julle sal onthou dat Balak hulp nodig gehad het om sy koninkryk te behou. Hy het na die mees dominante geestelike figuur van sy dag geroep, Bileam. Bileam het die raad gegee wat Israel vasgevang en vernietig het. Dit was, eerstens, om voor te stel dat hulle almal bymekaar kom en oor dinge praat, en saam eet en dinge uitstryk. Na alles, om mekaar te verstaan gaan 'n lang pad. As jy dit kan regkry, dan vat jy dit verder. Die volgende stap sal wees om saam te aanbid, en natuurlik, 'n bietjie druk van die gasheer maak gewoonlik dat die gaste heelwat verder gaan as wat hulle wou. Nou dit het nie net gebeur destyds met God se kerk van die Ou Testament nie, maar dit het gebeur met die kerk van die Nuwe Testament, want daar was 'n keiser wat soos Balak hulp nodig gehad het om sy koninkryk te beveilig.

So Konstantyn het die nominale Christen uitgenooi, Eerste Christen Kerk van Rome, om hom te help om die Christene agter hom te kry, omdat hulle 'n baie groot liggaam was. Die uiteinde was die Niceense

Raad van 325. Daar het die Christene, beide waar en nominaal, bymekaar gekom deur die uitnodiging van Konstantyn. Die ware Christene het geen besigheid gehad om selfs te gaan na die byeenkoms nie. Ten spyte van alles wat Konstantyn kon doen om hulle almal te verenig, het die ware gelowiges geweet dat hulle uit hulle plek was en het dit verlaat. Maar vir die wat gebly het, het Konstantyn van die staat se skatkis gegee saam met politieke en fisiese krag. Die mense is bekendgestel aan die afgodery en spiritisme, want standbeelde met name van heiliges is geplaas in die geboue en die mense is geleer om te kommunikeer met die dooies, of bid vir heiliges wat niks meer of minder is as spiritisme nie. Want die voedsel wat mens waarlik nodig het, net die Woord van God, hulle is geloofsbelydenisse gegee, en dogmas en rituele wat ook afdwing is deur die staat, en bo alles was hulle drie gode gegee met die trippel saamgestelde naam van die Een Ware God, en waterdoop in die Naam van die Here Jesus Christus het plek gemaak vir die heidense doop van drie titels.

Die ware gelowiges moes nie daarheen gegaan het nie. Hulle het alreeds baie waarheid verloor, en nou sou hulle ook die begrip van die Godheid verloor en name vir titels verbeur in die waterdoop.

Nou kyk na hierdie doktrine van Bileam uiters versigtig. Merk bo alles, dat dit die doelbewuste manier van korrupte geestelikes is om die mense aan hulle te verbind, deur die mense opsetlik te lei in die sonde van ongeloof. Die Nikolaïetaanse doktrine was die korrupsie van die geestelikes soos hulle politieke mag tussen hulleself gesoek het, terwyl Bileamisme is die onderdrukking van die mense tot hulle sisteem van leerstelling en aanbidding om hulle te behou. Nou kyk versigtig hierna. Wat was dit wat die mense gebind het aan die nominale kerk en daardeur hulleself vernietig het? Dit was die leerstellings en dogmas gevorm in kerkbeginsels. Dit was die doktrine van die Rooms Katolieke Kerk. Hulle was nie die ware kos gegee nie, die Woord. Hulle is die voedsel gegee wat van die afgodaanbidding van die Babiloniese heidendom gekom het, toegedraai in Christelike terminologie.

En daardie selfde gees en doktrine is reg tussen alle Protestante en dit word DENOMINASIE genoem. Nikolaïtanisme is organisasie, vermensliking van die leierskap van die kerk, en onttroon daardeur die Gees. Bileamisme is denominasionalisme wat die kerk handboek vat in plaas van die Bybel. En reg tot hierdie uur, word baie van God se mense in die strik van denominasionalisme gevang en God roep na hulle, "Kom uit haar My mense, sodat julle nie deelgenote van haar sondes is nie, en dat julle nie haar plaë ontvang nie." Julle sien hulle is onkundig. Maar as die wegraping moet plaasvind op hierdie oomblik, sal onkunde geen appelhof teen die oordeel van God wees om in die verkeerde geleedere te wees nie.

Vir die geestelikes om hulleself te organiseer met een rang na 'n ander totdat hulle uiteindelik deur 'n president aangestel word, is 'n manifestasie van die antichris gees, ongeag van hoe wonderlik en nodig dit mag wees. Dit is niks anders nie as menslike redenasie wat die plek vat van die Woord. En enige persoon wat in die georganiseerde denominasies is, is reg in die midde van 'n antichris sisteem. Nou laat ek dit sê en dit baie duidelik maak. EK IS NIE TEEN DIE MENSE NIE. EK IS TEEN DIE SISTEEM.

Met 'n staat- en kerkverbintenis is die verhoog opgestel vir die Donker Eeue. En inderdaad vir omtrent 1000 jaar het die kerk in die diepte van duisternis ingegaan, die dieptes van Satan beleef. Wanneer enige godsdienstige mense beide Nikolaïtisme en Bileamisme omhels, en het die politieke, finansiële en fisiese krag om dit te rugsteun, is daar net een rigting wat hulle kan gaan. Daardie rigting is reg in die Isébel doktrine in.

Nou waarom sê ons dit? Omdat soos ons uitgewys het in die studie van die vierde eeu dat Isébel was 'n Sidoniër, die dogter van Et-Baäl wat koning priester was vir Astarte. Hy was 'n moordenaar. Hierdie vrou het met Agab getrou (Koning van Israel) vir politieke doelmatigheid. Sy het toe die godsdienste van die mense oorgeneem en die Leviëte vermoor, en tempels opgerig waarin sy die mense gedwing het om Astarte (Venus) en Baäl (Songod) te aanbid. Sy het die onderrig geformuleer en haar priesters dit laat leer, en hulle het op hulle beurt die mense gemaak om dit te aanvaar.

Daar kan julle presies sien wat die nominale kerk in die Donker Eeue was. Hulle het die Woord van God geheel gelos behalwe vir name en titels van Godheid en 'n paar Skriftuurlike beginsels. Hulle het wat hulle uit die Bybel geneem het verdraai deur die betekenis te verander. Hulle kollege van biskoppe, ens., het groot verhandelinge geskryf, hulle pouse het hulleself onfeilbaar verklaar en het gesê hulle het openbaring van God ontvang en praat as God met die mense. Alles dit was geleer aan die priesters wat deur vrees die mense dit laat glo het. Om van mening te verskil, was die dood of ekskommunikasie wat erger as dood kan wees. Dit was nou die kerk met die versekerde stem wat oorgeneem het, en wild met krag het hulle die bloed van die martelare gedrink tot die ware Christene omtrent almal uitgeroei was en daar was skaars enige Woord oor, en min manifestasie van die Heilige Gees. Maar die ware wynstok het geworstel en oorleef. God was getrou aan die klein kudde en ten spyte van wat Rome kon doen aan hulle liggame, kon Rome nie die Gees in hulle doodmaak nie, en die lig van die Waarheid het geskyn, gerugsteun deur die Heilige Gees en krag.

Hierdie is 'n goeie plek om 'n verhelderende waarneming te maak. Kyk. Die dae en doktrines van die Nikolaïete, die doktrine van Bileam, en die leer van die vals profetes, Isébel, vorm nie drie geeste nie of

maak nie drie geestelike beginsels nie. Hierdie drie is maar die verskeie manifestasies van dieselfde gees soos dit van diepte tot diepte gaan. Wat dit alles is, is die antichris gees van organisasie in sy drie verskeie stadiums. Sodra die geestelikes hulleself afgesonder en hulleself georganiseer het, het hulle die mense onderdruk deur hulle te lei in, en hulle ook gebind aan organisasie. Hierdie organisasie was gebaseer op die geloofsbelydenisse en dogma wat hulle die mense geleer het in plaas van die suiwer Woord van God.

Ritueel en seremonie is 'n groter deel in aanbidding gegee, en spoedig was hierdie hele sisteem 'n militante en duiwelagtige krag wat sy beste gedoen het om te beheer deur te oorrede met bespreking of letterlike krag. Dit ontvang sy energie van sy eie vals profesieë en nie die Woord van God nie. Dit was nou absoluut antichris hoewel dit in Christus se Naam gekom het.

Na wat gelyk het soos 'n eindelose tyd waarin die Waarheid sekerlik moes sterf, het mense begin protesteer teen die gemeenheid van die Roomse Katolieke Kerk, want deur geen strek van die verbeelding kon God in sulke lering en sulke gedrag wees nie. Hierdie protes was of verontagsaam en is dood van gebrek om aandag te kry, of was verpletter deur Rome. Maar toe het God in Sy soewereine genade 'n boodskapper gestuur met die naam van Martin Luther om 'n hervorming te begin. Hy het gewerk in 'n klimaat waar die Roomse Katolieke Kerk soveel tou gegee is dat sy omtrent reg was om haarself te hang. So toe Luther regverdigmaking deur die geloof gepreek het, het die ware wynstok vir die eerste keer in baie eeue begin groei in 'n oorvloedige manier.

Soos die nominale kerk staatmag gebruik het om dit te ondersteun, het die staatmag begin vloei daarteen. En dit is waar Luther sy fout gemaak het, en die ware gelowiges hulle fout gemaak het. Hulle het toegelaat dat die staat hulle subsidieer. So hierdie eeu het nie baie ver gegaan met die Woord nie. Dank God dat dit sover gegaan het soos dit het, maar omdat dit op politieke mag staatgemaak het tot 'n groot mate, het hierdie eeu in organisasie geëindig, en hierdie einste groep wat in Luther se geslag weggebreek het van die vals wingerdstok, het nou weer teruggedraai om 'n dogter te word van die hoer want sy het reguit gegaan in Nikolaïtanisme en Bileamisme. Hierdie era het talle faksies daarin gehad, en om te bewys hoe ver hulle weg was van ware saad, is om maar die geskiedenis te lees en te sien hoe hulle mekaar vervolg het, selfs tot die dood toe in sommige gevalle. Maar daar was 'n paar name onder hulle, selfs soos daar altyd in elke eeu is.

Ons verbly ons in hierdie eeu vir hierdie een ding. Hervorming het begin. Dit was nie 'n opstanding nie, maar 'n hervorming. Dit was ook nie 'n herstel nie. Maar die koringkorrel wat gesterf en verrot het by Nicaea in die Donker Eeue, het nou 'n loot van die waarheid gestuur wat op een of ander toekomstige datum, aan die einde van die Laodicensiese Eeu, net voor Jesus kom, die kerk sal laat terugkeer om 'n Koring Saad Bruid te wees terwyl die onkruid bymekaar gemaak en in die meer van vuur verbrand word.

Sedert die vyfde eeu 'n groot verspreiding van die Woord deur drukwerk veroorsaak het, was die sesde eeu vinnig om gebruik te maak daarvan. Hierdie eeu was die tweede stadium van die herstel en soos ons voorheen gesê het, was dit die baardtydperk. Onderwys was oorvloedig. Hierdie was die eeu van intellektuele manne wat God liefgehad het en Hom gedien het. Sendelinge het meer geword en die Woord het versprei oor die wêreld. Dit was 'n eeu van broederlike liefde. Dit was 'n eeu van die oop deur. Dit was die laaste eeu wat lank geduur het, en na dit sou die Laodicensiese Eeu kom wat 'n kort een sou wees.

Die ware wynstok het in hierdie eeu floreer soos in geen ander as mens dink aan getalle tuis en in die buiteland. Hierdie eeu het heilige manne op die voorgrond gebring. Die ware wynstok het versprei en die vals wynstok het teruggetrek. Oral waar die ware wynstok gegaan het, het God lig gegee en lewe en geluk. Die vals wingerdstok het gewys wat dit was: duisternis, ellende, armoede, ongeletterdheid en dood. En soos die vals wingerdstok in sy dag nie die ware wynstok kon doodmaak nie, nog kon die ware wynstok nie die vals wynstok terugbring na Jesus Christus nie. Maar die vals wingerdstok het homself verskans, wagtend vir die laaste deel van die laaste eeu wanneer dit weer alles terug sou wen vir homself behalwe vir daardie klein kudde wat die ware uitverkorenes is, ware wynstok van God.

Maar hoe jammer laat hierdie tydperk ons voel soos ons besef dat elke groot beweging van God (en daar was baie) versuim om die Nikolaïtaanse leer af te gooi, want hulle almal het georganiseer en gesterf. Toe het hulle in denominasies inbeweeg om die geestelike dooies in koslose weivelde te hou. Min het hulle dit geweet, maar elke groep was besmet met dieselfde fout, en toe die herlewingsvuur laag gebrand het, het organisasie oorgeneem en mense het denominasies geword. Hulle was net nominale Christene hoewel elke groep aanspraak gemaak het op dieselfde versekering as die Rooms Katolieke Kerk dat hulle reg is en al die ander verkeerd. Die stadium was waarlik reg vir die dogters om terug te gaan huis toe in die laaste eeu, terug na Rome, onder die moeder hen.

En so kom ons by die laaste eeu: die Laodicensiese Eeu. Dit is ons tydperk. Ons weet dit is die laaste eeu want die Jode is terug in Palestina. Maak nie saak hoe hulle daar gekom het nie; hulle is daar. En hierdie is oestyd. Maar voor daar 'n oes kan wees moet daar 'n ryp word wees, 'n ryp word van beide

die lote.

Die Lutherse Eeu was die lentetyd. Die Wesleyaanse Eeu was die somer van groei. Die Laodicensiese Eeu is die oestyd met die saambind van die onkruid en brand; en die versameling van die koring vir die Here.

Oestyd. Het julle opgelet in die oestyd, hoewel daar 'n ware versnelling is in die rypwording, is daar gevolglik 'n afname in groei totdat daar geen groei is nie? Is dit nie presies wat ons nou sien nie? Die vals wingerdstok verloor menigtes aan die Kommuniste en verskeie ander soorte geloof. Haar getalle neem nie toe soos sy wil hê ons moet dink nie. Haar houvas op die mense is nie wat dit altyd was nie, en in baie gevalle om kerk toe gaan is net 'n vertoning. En die ware wynstok? Wat van haar? Groei sy? Waar is daardie groot getalle wat bly kom na herlewings en die altaaroproep beantwoord? Is meeste van hulle nie net emosioneel in hulle benadering nie, of begerig vir iets fisies eerder as om dit te begeer wat waarlik Geestelik is? Is hierdie eeu nie soos die dag waarin Noag die ark binnegegaan het, en die deur was gesluit, maar tog het God gewag met die oordeel vir sewe dae nie? Niemand was letterlik gedraai na God in daardie stil dae nie.

En tog is dit die oestyd. Daar moet dan op die toneel kom in hierdie tydperk die wat die koring en onkruid tot rypheid sal bring. Die onkruid word alreeds baie vinnig ryp onder korrupte onderwysers wat die mense wegwys van die Woord. Maar die koring moet ook ryp word. En aan haar stuur God die Profeet-bBodskapper met die bevestigde bediening dat hy aanvaar mag word deur die uitverkorenes. Hulle sal hom hoor soos die eerste kerk Paulus gehoor het, en sy sal ryp word in die Woord tot 'n Woord Bruid en magtige werke sal in haar gevind word wat altyd gepaartgaande is met die suiwer Woord en geloof.

Die vals kerkgroepe sal bymekaar kom in 'n wêreldraad van kerke. Hierdie wêreldraad van kerke is die **BEELD OPPERIG VIR DIE DIER**.

Openbaring 13:11-18,

"En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak.

En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is.

Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense.

En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.

En dit is aan hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.

En hy maak dat almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word;

sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.

Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is seshonderd-ses-en-sestig."

Onthou nou, dit was Keiserlike Heidense Rome wat deur die swaard geval het. Maar sy is genees van haar doodsteek toe sy by die nominale Christelike kerk van Rome aangesluit en heidendom en Christendom ingelyf het, en het daardeur die Heilige Roomse Ryk geword wat moes ly totdat Jesus gekom en haar vernietig het. Maar Rome gaan nie alleen nie. Haar dogters is reg by haar en sy sal absolute beheer oorvat by die Wêreld Raad van Kerke.

Hierdie mag onwaarskynlik lyk vir sommige, eintlik is dit baie eenvoudig vir almal om te sien omdat die kerke nou politiek beheer en op die regte tyd sal dit manifesteer presies hoe groot daardie beheer is. Hierdie ekumeniese beweging sal eindig met Rome as die hoof selfs al het die mense dit nie so in die vooruitsig gesien nie. Dit is so omdat in Openbaring 17:3-6 word dit gestel dat die hoer, Geheimsinnige Babilon sit op die plek van die dier. Sy beheer die laaste, of vierde ryk. Hierdie Roomse Kerk doen dit. Met die wêreld kerksisteem onder haar, sal Rome beheer hê en hierdie beeld (kerksisteem) sal gehoorsaam wees aan Rome, want Rome beheer die goud van die wêreld.

Daarom moet al die mense behoort aan die wêreld kerksisteem of onder die genade wees van die

elemente, want hulle kan nie koop of verkoop sonder die merk van die dier in die hand of kop nie. Hierdie merk in die kop beteken dat hulle die doktrine van die wêreld kerksisteem sal moet neem wat drie-enigheid is, ens., en die merk in die hand beteken om die wil van die wêreld kerk te doen. Met hierdie groot krag sal die kerksisteme die ware bruid vervolg. Hierdie beeld sal probeer om die bruid te weerhou om te preek en te leer, ens. Haar predikers sal verbied word om troos en waarheid te gee aan die mense wat dit nodig het. Maar voor die antichris (in persoon) hierdie hele volledige wêreldsisteem van kerke oorvat, sal die ware kerk weggeneem word om by die Here te wees. God sal Sy bruid wegvat vir die groot Huweliksmaal van die Lam.

Nou soos hierdie laaste hoofstuk gegee is om die twee kerke te volg en die twee geeste van Pinkster tot hulle voleindiging, sal ons hierdie finale tyd neem om dit te wys in die Laodicensiese Eeu.

Hierdie eeu het begin net na die draai van die twintigste eeu. Soos dit die tydperk moes wees waarin die ware kerk sou terugkeer om die bruid te wees wat sy by Pinkster was, weet ons dat uit noodsaaklikheid daar 'n terugkeer moet wees van dinamiese krag. Die gelowiges het dit in hulle gees gevoel en het begin uitroep na God vir 'n nuwe uitstorting soos wat dit in die eerste eeu was.

Wat geblyk het om die antwoord te wees, het gekom toe baie begin het om in tale te praat en gawes van die Gees te manifesteer. Dit was toe dat geglo is dat dit inderdaad die lang verwagte RESTORASIE was. Dit was nie, want die laat reën kan net kom na die vroeë reën, wat die lente is of ONDERRIG reën. Die laat reën, dan is die OES reën. Hoe kon dit die regte ding wees as die Onderrig Reën nog nie gekom het nie? Die Profeet-Boodskapper wat gestuur moes word om die mense te ONDERRIG en die harte van die kinders terug te draai na die Pinkster vaders toe het nog nie gekom nie. So wat gedink is om die herstel te wees en die laaste opwekking tot die wegraping het nog nie gekom nie. Daarin was 'n mengsel van die onregverdige deelname van Geestelike seëning en manifestering in die Heilige Gees soos ons bly uitwys vir julle. In dit was ook duiwelkrag, want mense was onder die beheer van duiwels, tog het niemand dit besef nie. Toe, om te bewys dat dit nie die WERKLIKE was nie, het hierdie mense (selfs voordat 'n tweede generasie verskyn het) georganiseer, en hulle onskriftuurlike doktrines geskryf en hulle eie heinings gebou soos elke ander groep voor hulle gedoen het.

Onthou, terwyl Jesus op aarde was, so was Judas. Elkeen het uit 'n ander gees gekom, en met die dood het elke een na sy eie plek gegaan. Die Gees van Christus het later teruggekom op die ware kerk, en die gees van Judas het teruggekom op die vals kerk.

Dit is reg daar in Openbaring 6:2-8,

"En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin.

En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee.

En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand.

En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie.

En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk!

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met die swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde."

Kyk hoe daardie Judas-gees teruggekom het as 'n ruiters op 'n wit perd. Dit was wit. So na aan die ware, net soos Judas so naby aan Jesus was. 'n Kroon is aan hom gegee (wit perd ruiters). Hoe? Daardie gees was nou in die leier van die Nikolaïtaanse sisteem en hy was 'n trippel gekroonde pous wat gesit het as God in sy tempel, en noem homself die vikaris van Christus. As vikaris van Christus beteken 'insteede van Christus', of 'in plek van' of 'namens God', dan het die pous homself die Heilige Gees genoem, of getuig vir die Heilige Gees, waarnemend vir Hom. Dit was die Judas-gees in hom wat dit gedoen het. Kyk hoe hy verower het—gaan verowerend uit en oorwin. Christus het dit nie gedoen nie. Die enigstes wat na Hom toe gekom het was alreeds voortbestem deur die Vader. En so aan en aan het daardie gees gegaan en eendag sal dit waarlik geïnkarnear word in 'n mens wat die Wêreldraad van Kerke sal aanstel, net soos wat ons gesê het. En deur sy goud (onthou Judas het die beursie gehou) sal hy die hele wêreld beheer, en daardie antichris sisteem sal alles besit en probeer om almal te beheer. Maar

Jesus sal terugkom en hulle almal vernietig met die glans van Sy koms. En hulle einde sal die meer van vuur wees.

Maar wat van die ware saad? Dit sal gebeur net soos wat ons gesê het. Die mense van God word gereed gemaak deur die Woord van Waarheid van die boodskapper aan hierdie eeu. In haar sal die volheid van Pinkster wees, want die Gees sal die mense reguit terugbring na waar hulle was in die begin. Dit is "So spreek die Here."

Dit is "So spreek die Here", want dit is wat Joël 2:23-26 sê,

"En julle, kinders van Sion, juig en wees bly in die Here julle God, want Hy gee julle die leraar tot geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reën, soos voorheen.

Dan sal die dorsvloere vol koring wees en die parskuipe van mos en olie oorloop.

En Ek sal julle vergoed die jare wat die treksprinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die afknyper verslind het - My groot leëmag wat Ek teen julle gestuur het.

Dan sal julle oorvloedig eet en versadig wees en die Naam van die Here julle God prys wat wonderbaar met julle gehandel het, en My volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie."

Nou dit sê God gaan "herstel". Die Lutherse Eeu het nie die kerk herstel nie; dit het 'n hervorming begin. Die Wesleyaanse Eeu het nie herstel nie. Die Pinkster Eeu het nie herstel nie. Maar God moet herstel, want Hy kan nie Sy Woord ontken nie. Hierdie is nie die opstanding van die Kerk nie; dit is die "Herstelling". God sal die Kerk reg terug neem na Pinkster van die begin. Nou let op in vers 25 vertel dit waarom ons herstel nodig het. Die treksprinkaan, voetganger, kaalvreter en afknyper het alles geëet behalwe die wortel en 'n klein bietjie van die stam. Nou daar word vir ons vertel dat al hierdie insekte almal een en dieselfde is in verskillende stadiums. Dit is reg. Hulle is die antichris gees gemanifesteer in organisasie, denominasie en vals doktrine deur die eeue. En daardie arme worteltjie en stam gaan herstel word. God gaan nie 'n nuwe Kerk plant nie, maar gaan Sy oorspronklike plant terugbring na die oorspronklike saad. Hy doen dit soos gewys in vers 23, deur die onderrig, of "vroeë" reën. Volgende sal die oesreën of wegraapgelooft kom.

So op hierdie einste oomblik is ons in die volledige vervulling van Matthéüs 24:24 "as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei." En wie sal dit wees wat sal probeer om die einste uitverkorenes te mislei? Wel, die gees van antichris in die "vals gesalfdes" van hierdie laaste dag. Hierdie vals mense het alreeds ingekom in "Jesus se Naam" wat aanspraak maak daarop dat hulle deur God gesalf is vir die laaste dag. Hulle is die vals Messiasse (gesalfdes). Hulle maak aanspraak dat hulle profete is. Maar is hulle een met die Woord? Nooit. Hulle het daarby gevoeg of weggeneem daarvan. Niemand ontken dat die Gees van God wat in gawes manifesteer op hulle is nie. Maar soos Bileam het hulle almal hulle programme, doen 'n beroep op geld, beoefen gawes, maar ontken die Woord of omseil dit vir vrees dat 'n dispuut hulle kanse kan verminder vir groter gewin. Tog preek hulle verlossing en redding deur die krag van God, net soos Judas, met 'n bediening wat nie deur Christus gegee is nie. Maar omdat hulle verkeerde saad is, gevolglik het hulle 'n verkeerde gees wat hulle motiveer.

Godsdienstig? O goeiste! Hulle oorskadu die uitverkorenes met mag en ywer, maar dit is Laodicensies, nie van Christus nie, want dit soek na groot skares, groot programme en sensasionele tekens onder hulle. Hulle preek die tweede koms van Christus, maar ontken die koms van die profeet-bodskapper, hoewel in mag en tekens en ware openbaring verduister hy hulle almal. O ja, hierdie vals gees wat in die laaste dag so naby is aan die ware, kan onderskei word net deur sy afwyking van die Woord, en wanneer dit ookal gevang word as synde anti-Woord, val dit terug op die een argument wat ons alreeds gewys het om vals te wees: "Ons kry resultate, nie waar nie? Ons moet van God wees."

Nou voor ons afsluit, wil ek hierdie gedagte bring. Die heelyd praat ons oor die Saad van Koring wat begrawe is, dan stuur dit twee lote op, dan die baard, dan die ware oor. Dit kan maak dat sommige wonder of ons gesê het dat die Lutherane nie die Heilige Gees gehad het nie net omdat hulle basiese regverdigmaking geleer het. Dit mag maak dat sommige wonder oor die Metodiste, ens. Nee meneer, ons sê dit nie. Ons praat nie van die individue of die mense nie, maar die EEU. Luther het die Gees van God gehad, maar sy eeu was nie die eeu van volle herstel deur nog 'n uitgieting soos in die begin nie. Dit was dieselfde met Wesley, Booth, Knox, Whitefield, Brainard, Johathan Edwards, Meuller, ens. Sekerlik was hulle vol van die Heilige Gees. Ja, hulle was beslis. Maar die eeu waarin elkeen geleef het was nie die eeu van herstel nie, nog was enige eeu behalwe hierdie laaste eeu, die eeu van volledige verduistering in afvalligheid. Hierdie is die eeu van afvalligheid en dit is die eeu van herstel, dit is die eeu van die voltooide siklus. Met dit, is dit alles verby.

So ons sluit die Sewe Kerke af, sê net wat die Gees vir elke eeu gesê het: "Hy wat 'n oor het laat hom hoor wat die Gees aan die kerke sê."

Ek glo opreg dat die Gees van God met ons gepraat het, ons nie net die Waarhede van die eeue geleer het nie, maar Hy het getrou met harte gedeel dat hulle mag draai na Hom toe. Dit is die rede vir alle prediking en onderrig, want dit is deur die prediking en onderrig van die Woord dat die skape die stem van God hoor en Hom volg.

Nie vir een oomblik bring ek 'n boodskap aan die mense dat hulle my mag volg, of by my kerk aansluit, of om broederskap en organisasies te begin nie. Ek het dit nog nooit gedoen nie en sal dit nie nou doen nie. Ek het geen belang in daardie dinge nie, maar ek het wel 'n belang in die dinge van God en mense en as ek net een ding kan bereik, sal ek tevrede wees. Dit is om die ware geestelike verhouding te sien gevestig tussen God en mense, waarin mense nuwe skeppings in Christus word, gevul met Sy Gees en lewe volgens Sy Woord. Ek nooi uit, pleit en waarsku almal om Sy stem te hoor op hierdie tydstip, en julle lewens volkome aan Hom oor te gee, selfs soos ek vertrou in my hart dat ek my alles aan Hom gegee het. God seën julle en mag Sy koms julle harte verbly.



www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur

William Marrion Branham

"... in die dae van die stem ..." Openb. 10:7